

Maandag

Rom. 6: 12 – 32; 1: 18 – 25; 3: 9; 8:2; 12: 1, 2. Teks: Rom. 6:13 b: “As mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle juis tot beskikking van God stel” Tema: 'Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie.' Christene se bekering van sonde tot gehoorsaamheid aan God se wet is heeltemal 'n ander soort bekering as Jode en afgodsdienaars se bekering tot die wet van God of die wette van hul gode. Paulus wys dat dit gaan oor die verskil tussen “lewe” en “dood”, tussen lewende gehoorsaamheid en teenoor dooie gehoorsaamheid en bekerings - Rom. 6: 13. Ons kan hierdie verskil met 'n voorbeeld toelig. Ouers kan op twee verskillende maniere van hul kinders gehoorsaamheid verwag. Die een manier is dat ouers van hul kinders verwag om die lewe wat hulle as kinders van hul ouers ontvang het, sal uit-leef. Hierdie ouers se reëls gaan oor hoe hulle wil dat hierdie kinders hul eie lewe se potensiaal ten volle moet uitleef. Hulle reëls is bedoel om die kinders se volle lewe te ontsluit. Daar is ook ander tipe ouers wat alles wie hulle nie as kinders kon wees of kon doen nie, deur hulle kinders wil uitleef. Alles wat hulle vir hul kinders laat doen, is om déúr hulle kinders dit te kan bereik en ervaar wat hulle op uitgemis het en na verlang om te wees. Hierdie ouers se reëls maak hul kinders se eie lewe dood sodat hulle húl lewe deur hul kinders kan uitleef. Hulle reëls maak hul kinders skuldig en veroordeel hulle vir hul eie kinder-LEWE, nie vir die sonde wat die kinders doen nie. Met hulle reëls eis hulle dat hul kinders hul eie lewe moet ontken en af lê sodat hulle hul lewe deur hul kinders kan leef. Al twee hierdie soorte kinders is gehoorsaam aan hul ouers. Die EEN soort gehoorsaamheid laat kinders voluit LEEF en die ANDER gehoorsaamheid maak kinders innerlik DOOD vir hul eie lewe. Die Bybel se bekering is om LEWEND God te gehoorsaam, nie juis self dood te maak sodat God Sy lewe deur jou leef nie! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Rom. 6: 12 – 32; 1: 18 – 25; 3: 9; 8:2; 12: 1, 2. Teks: Rom. 6:13 b “As mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle juis tot beskikking van God stel” Tema: 'Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie.' Wie God vir ons is en hoe ons aan sy wil gebind is, maak die verskil tussen lewend en dood. Paulus wys in Rom. 8: 2 dat LEWENDE gehoorsaamheid is die gehoorsaamheid aan die wet van die Gees wat ons lewend maak in Christus en DOOIE gehoorsaamheid is gehoorsaamheid aan die wet van sonde en dood. Of jy lewend of dood vir God is, bepaal die inhoud en karakter van jou gehoorsaamheid aan God se wet. Paulus bedoel met die uitdrukking “lewe gee” dat deur ons vereniging met Christus, die Heilige Gees in ons 'n innerlike vreugde in God as God en 'n lus en liefde om volgens sy wil as God te leef, skep.

Kyk na die volgende tekste:

* Rom. 8: 2, “so 'n nuwe lewe kan lei”,

* Rom. 6: 4, “vir God lewe”,

* Rom 6:11 lewend vir God”, * Rom. 6:13 en “lewend geword” Rom. 6:13, Daarom is lewende gehoorsaamheid en bekerings uit 'n innerlike vreugde in God en 'n lus en

liefde vir sy wil.

Daarteenoor: met die woord “dood” en “gesterf”, bedoel Paulus om in God soos God, God in Homself is, ontevrede te wees en vir sy wil lusteloos en afsydig te wees. Kyk na die volgende tekste:

* om dood te gegaan het, Rom. 6:8,

* “dood vir sonde” Rom. 6: 11,

* “wat tot die dood lei, ” Rom. 6: 16,

* “ek het gesterf” Rom. 7: 10 en

* “my deur die gebod doodgemaak”, Rom. 7: 11. Bkering uit 'n innerlike ontevredenheid oor God self en 'n lusteloosheid en afsydigheid teenoor sy wil, is DOOIE gehoorsaamheid en DOOIE bekerings. Deur ons vereniging met Christus is ons ingesluit en deel van die liefde en genade van God, straf Hy nooit ons sonde nie en laat Hy ons gehoorsaamheid vir Hom heilig wees. Só skep die Here in ons 'n innerlike vreugde in God, en lus en liefde vir sy wil, WAARUIT ons bekeer van sonde tot die wet van die Gees. As die Here nie hierdie lus skep nie is mense en hulle gehoorsaamheid dood - al “bekeer” hulle, hulle ook hoe... Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Rom. 6: 12 – 32; 1: 18 – 25; 3: 9; 8:2; 12: 1, 2. Teks: Rom. 6:13b: “As mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle juis tot beskikking van God stel” Tema: 'Bkering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie.' Paulus wys dat beide Griekse afgodsdienste en Joodse toewyding aan God se wet is dooie gehoorsaamheid en bekerings. Rom. 8: 2 Ouers wat deur hulle kinders leef en hul kinders innerlik doodmaak kan dit op twee maniere doen: of om al jou verlore goeie prestasies deur hulle te wil bereik of om die losbandige lewe wat hulle as tieners nie kon uitleef nie, deur hulle kinders se perversies uit te leef as hul eie. Hierdie “goeie” of “slegte” uitleef van jou eie lewe deur jou kinders maak hulle dood vir wie hulle is en kan wees. In Rom. 1:18-32 wys Paulus alle afgodsverering is soos ouers wat verlang na 'n sedelose tienerlewe wat hulle nie gehad het nie. Paulus noem dit “verdraaide opvattinge”. 1: 28 Afgode wil mense doodmaak (Apollo), seksueel losbandig wees (Venus), gesuip wees (Bacchus) en eiemagtig bokant enige wet verhewe wees (Zeus). Wie hierdie afgode wil dien moet hul eie lewe waarvoor die Skepper hulle gemaak en bedoel het, prysgee. Hulle moet dood wees vir hul eie lewe en lewend vir die drifte van hul afgode. Die Jode se geestelikheid maak God soos ouers wat hul verlore goeie prestasies en sukses deur hul eie kinders wil uitleef! Rom. 2:17-24. Hulle glo dat God sy mag, sy krag en koninkryk deur hulle wil oprig en uitleef deur hulle wetsgehoorsame lewe. Daarom noem Paulus ook die Jode met hulle geestelikheid in Rom. 6:16- 20 slawe van sonde. Hulle gehoorsaamheid en bekerings maak ook hulle lewe waarvoor Góð hul gemaak en bestem het, dood - net soos enige heidense afgod die heidene dood gemaak het. Daarom is ook die bekerings VAN sedelose afgodsdienste TOT Joodse gehoorsaamheid aan God se wet nog steeds dooie bekerings. Preek beskikbaar op

Donderdag

Rom. 6: 12 – 32; 1: 18 – 25; 3: 9; 8:2; 12: 1, 2. Teks Rom. 6:13b: “As mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle juis tot beskikking van God stel” Tema: 'Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie.' Christus maak ons as mense lewend vir God. Hy is nie net nog 'n geestelike wat ons innerlik doodmaak sodat God kamstig sy goddelike lewe deur ons kan leef nie. Christus gee ons die gawe van die Gees wat ons inlyf in Jesus as mens vandag. In en deur hierdie vereniging met Hom maak Hy ons as mens lewend vir God. Die Gees gee aan ons die lewe in Jesus Christus wat sy wet vir ons 'n lus en liefde maak! (Rom. 8:2). Hierdie lewe is ons lewe in ons vereniging met Jesus Christus.

1. In ons vereniging met Christus is ons innerlik bly God is so genadig, so goed, so barmhartig, so liefdevol en geduldig soos Hy as God in Christus vir en met my is. Elke besluit en daad van gehoorsaamheid volgens sy wil kom uit hierdie innerlike vreugde – ek is bly God is vir my God soos Hy God is!
2. In ons vereniging met Christus is dit ons lus om ons aan die geregtigheid van die wet van God toe te wy. Elke besluit en daad waarin ek reg doen, is uit die geloof dat ek en my daad is vir God goed, reg en heilig.
3. In ons vereniging met Christus is die geregtigheid van sy wet my liefde. Want in elke daad van gehoorsaamheid en toewyding aan sy wil, weet ek God het my vir sy liefde geregverdig. Daarom is sy wil my liefde en nie net maar my plig nie! In hierdie geloof in ons VERENIGING met Christus, is elke bekering, elke besluit en daad om weer God se wil te gehoorsaam, lewende gehoorsaamheid en lewende bekerings! Christus leef vandag as mens in die hemel en as God met ons, en ons leef as mense met Hom ons volle menswees uit vir God! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Rom. 6: 12 – 32; 1: 18 – 25; 3: 9; 8:2; 12: 1, 2. Teks Rom. 6:13b: “As mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle juis tot beskikking van God stel” Tema: 'Bekering is om gehoorsaam aan God te leef en nie om God deur jou te laat leef nie.' Die verwarring oor bekering vandag is dat die “DOOIE gehoorsaamheid” en “DOOIE bekerings”, volgens die wet van sonde en dood Rom. 8:2, vandag wêreldwyd in kerke as die nuwe ware bekerings aan gelowiges voorgehou word en die LEWENDE gehoorsaamheid en bekerings volgens die Bybel as 'n dooie godsdiens voorgehou word. Geestelikes verkondig vandag hierdie “dooie bekerings” soos volg van die kansels:

God is nou skielik 'n nuwe onbehaaglike (in homself ongelukkige en ontevrede) God wat jou begeer, hy verlang om sý lewe deur jóú uit te leef en sy mag deur jou in die wêreld uit te oefen. In Homself en deur Homself kan Hy dit nie doen nie! Wat in God se pad staan en keer dat hy sy begeertes en verlanges kan vervul, is dat jy mens is soos jy mens is. Jou menswees en menslikheid staan in God se pad! Dit maak God vir jou 'n onbehaaglike God. Om God weer vol liefde en goedheid vir jou te maak,

moet jy daarom jouself innerlik doodmaak, jouself innerlik ontken, jouself innerlik kruisig, net soos Jesus dit met Homself gedoen het, sodat jy innerlik niks nie en leeg is, sonder jou eie lewe, jou eie belange en eie besit. Wanneer jy jouself só niks laat wees nie, verklaar hierdie geestelikes sal God in jou lewe inkom en sy goddelike lewe, sy mag, krag en gesag deur jou uiteleef in die wêreld. Alle bekerings tot hierdie onbehaaglike God gaan oor hoe jy jou self en jou eie lewe moet doodmaak sodat Hy sy goddelike lewe deur jou kan leef. Hierdie onbehaaglike God is 'n afgod en nie die lewende Here wat ons as mens vir Hom lewend maak met 'n innerlike vreugde in Hom, en lus en liefde vir sy wil nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus